KKNK

’n Projek van
Kunste Onbeperk MSW

# KKNK 2025: RIGLYNE VIR PROGRAMVOORSTELLE

Die KKNK word vanaf **1 tot 6 April 2025** vir die 29ste keer in die hartjie van die Klein Karoo op Oudtshoorn aangebied! Alle kunstenaars, kreatiewe skeppers en denkers word uitgenooi om innoverende en kreatiewe voorstelle van uitstaande gehalte in te dien vir oorweging.

Ons moedig ook produksievoorstelle aan wat geoormerk kan word vir feeste verder in die toekoms, veral met die oog op 2026, wanneer die KKNK haar dertigste verjaarsdag vier. Dit bied geleentheid vir langtermyn beplanning. Stuur gerus hierdie voorstelle aan Hugo Theart by hugo@kunste.org.za.

## 1. DIEN JOU VOORSTELLE SÓ IN

Dien jou voorstel elektroniese by kknk.co.za in, voor die sluitingsdatum van **Maandag 1 Julie om middernag**.

## 2. DIE PROSES

Alle voorstelle word deur ’n onafhanklike aanbevelingspaneel geëvalueer, in samewerking met die artistieke direkteur, in oorleg met die evalueringskriteria wat hier ingesluit word. Voorlopige en finale keuring word daarna deur die KKNK-kantoor uitgestuur.

## 3. KRITERIA- EN KEURINGSRIGLYNE

Daar is verskeie aspekte wat oorweeg word in die samestelling van die finale program.

### 3.1. Elemente wat uitstaan en voorkeur geniet, is onder meer:

3.1.1. Innovasie
3.1.2. Debuutwerke
3.1.3. Nuutgeskrewe tekste of musiek
3.1.4. Eg Suid-Afrikaanse stories
3.1.5. Veeltalige produksies
3.1.6. Produksies in enige van die amptelike landstale



**Direksielede** Crispin Sonn (voorsitter), Chris Macpherson, Ismail Mahomed, Denver Moses, Theresa Olivier, Hugo Theart (uitvoerende artistieke direkteur), Mariné van Brakel, Christo van der Rheede, Olga Wyngaard

**Beskermhere** Patrice Motsepe, Franklin Sonn, Ton Vosloo, Christo Wiese

3.1.7. Nie-verbale produksies
3.1.8. Konseptuele werk
3.1.9. Interessante kombinasies van kunstenaars
3.1.10. Bemarkbaarheid

**3.2. Die KKNK ontvang elke jaar uitstaande voorstelle, maar kan ongelukkig nie alle voorstelle aanvaar nie. Praktiese aspekte wat hier 'n rol speel is:**
3.2.1. Geskikte venues vir aanbiedings (hier word kapasiteit en potensiële kaartjieverkope ook oorweeg).
3.2.2. Tegniese behoeftes van aanbiedings.
3.2.3. Skaal van aanbiedings.
3.2.4. Die balans van die algehele KKNK-program om alle genres en teikenmarkte te dien.
3.2.5. Finansiële implikasies van 'n produksie.

**3.3. Spesifieke kriteria wat gebruik word**:
3.3.1. Artistieke waarde
3.3.2. Kommersiële potensiaal
3.3.3. Relevantheid
3.3.4. Wye sosiale impak

## 4. AMATEUR-PRODUKSIES

As 'n nasionale kunstefees skep die KKNK professionele platforms wat uitnemende en professionele werk van Suid-Afrikaanse kunstenaars aanbied. **Professionele kunstenaars** is individue wat hul hoof-inkomste uit die kunstebedryf verdien. 'n Platform word verder vir amateur-optredes of nie-professionele kunstenaars geskep, om die nasionale kollig op hulle talente en werk te fokus. Hier val die fokus op individue vanuit **Oudtshoorn en omgewing**, deur die skep van geleenthede vir individue uit ons streek. Vir dié rede is 'n grootskaalse gemeenskapsprojek in 2021 van stapel gestuur, waar individue uit Oudtshoorn en omgewing as deel van ***Karoo Kaarte*** die geleentheid het om tydens die fees aan verskeie aspekte van die program deel te neem, waaronder teaterproduksies, kunsuitstallings en -installasies, werksessies, multidissiplinêre aanbiedings, publikasies en ander kreatiewe platforms soos 'n app. *Karoo Kaarte* maak dit vir die KKNK moontlik om 'n breedvoerige en volhoubare platform vir amateur-optredes te skep, waartydens blootstelling aan gevestigde teater- en kunsteskeppers ingesluit word. Gevolglik word bykomende amateur-produksies en/of nie-professionele aanbiedinge nie oorweeg nie, maar voorstelle wat onder die vaandel van *Karoo Kaarte* ter

bevordering van die plaaslike kunstebedryf aangebied word, word wel oorweeg.

## 5. INTERNASIONALE PRODUKSIES

Die KKNK verwelkom graag internasionale produksies indien dié produksies aangebied kan word, sonder om fondse wat vir Suid-Afrikaanse kunstenaars geoormerk is, te gebruik.

Die KKNK se program word sorgvuldig saamgestel om ’n deurdagte ervaring vir feesgangers te skep wat divers, opwindend en vernuwend is. As kunstefees is die KKNK toegewyd om ’n fees te wees wat ’n bydrae tot nasiebou en goeie burgerskap lewer en voorstelle van buite Suid-Afrika wat hierdie missie ondersteun word ook in aanmerking geneem.

## 6. TEIKENMARK

Die KKNK se teikenmark is diverse feesgangers van oraloor en met die samestelling van die program word moontlikhede vir almal ondersoek.

## 7. DIE KKNK SE FEESGANGERS

- is divers en veeltalig
- is meestal Afrikaans-magtig
- kom van alle uithoeke van die land (en ook ander lande)
- se spreektaal is meestal Afrikaans, Engels en isiXhosa, maar hulle gaan kyk produksies wat enige taal insluit
- sluit alle ouderdomsgroepe van kleuters tot bejaardes in
- hou van gehalteteater
- hou daarvan om uitgedaag te word
- hou van intieme optredes, maar ook van skouspelagtige konserte
- is nuuskierig en weetgierig
- is mense wat glo in goeie en positiewe burgerskap
- staan vroeg op en kuier tot laat
- het ’n sterk mening en weet waarvan hulle hou, en
- kom gewoonlik in ’n groep wat familie en vriende insluit.

## 8. KONTRAKTIPES

Die KKNK bied drie kontraktipes aan en jy moet in jou voorstel aandui wat jy verkies:

### 8.1. Fooikontrak

Die KKNK vervaardig ’n aantal debuutaanbiedings. In hierdie geval dra die KKNK die onkoste van die produksie en aanvaar verantwoordelikheid vir al die speelvakke. In ruil vir sy belegging verwag die KKNK inspraak in die kreatiewe proses en werk ook saam met die vervaardiger om verdere speelvakke te ondersoek.

### 8.2. Loketkontrak

Die KKNK deel in die loketinkomste van die aanbieding by die fees, maar dra geen verantwoordelikheid vir die skep van die aanbieding nie. Die meeste produksies word op hierdie basis aangebied.

### 8.3. Ko-produksie

Die KKNK werk saam met vennote om ’n produksie te ontwikkel en aan te bied. Die KKNK verwelkom voorstelle wat samewerking tussen verskillende partye aanmoedig en tree graag in gesprek oor dié moontlikhede.

## 9. KUNSVORMS EN PROGRAMAFDELINGS

Dit is vir die KKNK belangrik om aan almal die geleentheid te bied om voorstelle in te dien en daarom rig die KKNK ’n ope uitnodiging aan alle kunstenaars, musikante, kreatiewe skeppers en vervaardigers.

Alle voorstelle is welkom, maar die KKNK stel veral in die volgende belang:

### 9.1. Teaterproduksies

9.1.1. Drama en komedie is ’n kerndeel van die KKNK se program.

9.1.2. Relevante Suid-Afrikaanse stories wat ook belangrike sosiale, maatskaplike en ekonomiese kwessies takel.

9.1.3. ’n Verskeidenheid produksies word aanvaar om ’n gesonde balans tussen nis- en gewilde aanbiedings te verseker.

9.1.4. Plekspesifieke voorstelle wat die landskap van die Klein Karoo inkorporeer, word sterk oorweeg.

9.1.5. Die KKNK stel in besonder belang in produksies wat spesifiek op familie-, kinder-, jeugvermaak en jong volwassenes fokus.

9.1.6. Voorkeur word aan nuutgeskrewe Suid-Afrikaanse tekste gegee, maar dit is ook vir die KKNK belangrik om relevante klassieke en kontemporêre werk van hier en elders aan te bied.

9.1.7. Woordkuns, storievertel, digkuns, dans- en kinderteater vorm deel van die teaterprogram.

## 9.2. Musiekproduksies

9.2.1. Alle musiekgenres word oorweeg.

9.2.2. Die KKNK wil belê in innoverende en weldeurdagte musiekproduksies wat uitstaande musikante en/of sangers inkorporeer. Produksies word aangebied in ’n verskeidenheid venues, wat wissel van intieme 100-sitplek- tot opelugvenues met ’n kapasiteit van tot 6 000 mense.

9.2.3. Die KKNK wil ook belê in musiekteaterproduksies wat politieke, sosiale en maatskaplike kommentaar lewer en stel veral belang in satiriese werk (bv. kabaret).

## 9.3. Straatteater en -kuns

’n Uitgebreide program word jaarliks in Baron van Reedestraat (die feeskern) en die feesterrein (’n area met stalletjies, kroeë en musiek) aangebied. Die KKNK moedig alle kunstenaars aan om voorstelle vir straatoptredes (*busking*) vir KKNK 2024 in te dien. Die KKNK wil ook visuele kunstenaars aanmoedig om voorstelle te stuur vir buitelug-kunsinstallasies of-programme.

## 9.4. Lucky Pakkie

’n Geleentheid vir jong en gevestigde kunstenaars om te eksperimenteer en meer konseptuele  teaterervarings na die fees te bring.

### Hoe werk Lucky Pakkie?

9.4.1. Opvoerings is slegs 15 minute lank. Omdat die projek produksies roteer binne ’n 60 minute-siklus, is dit belangrik dat die produksie die gehoorlede besig hou vir die volle 15 minute (of so na as moontlik daaraan) en nie oor die gegewe tyd speel nie.

9.4.2. Dit word opgevoer in 6m x 10m-tente (of in ’n ander klein tydelike ruimtes).

9.4.3. 20 tot 30 gehoorlede kan per ruimte geakkommodeer word, afhangend van die produksie se uitleg tussen die gehoor en opvoerruimte. Dis belangrik dat die produksiespan ’n bewustelike keuse maak oor hoe die gehoor na die vertoning moet kyk.

9.4.4. Die produksies word elke feesdag minstens een keer per dag aangebied, maar met maksimum vier keer se herhalings. Dit beteken dat ’n enkele produksie ’n minimum van 1 keer per siklus (15 minute) sal speel en sou die siklus uitverkoop wees, ’n maksimum van 4 keer per siklus (60 minute) sal speel.

9.4.5. Die fees verskaf minimale tegniese inrigting. M.a.w. alhoewel multimedia, interaktiewe of ander interessante tegniese elemente aangemoedig word, is dit hoofsaaklik die produksie se eie verantwoordelikheid om hierdie elemente te reël en uit te voer.

9.4.6. Alle genres is welkom.

9.4.7. Familievermaak tot meer uitdagende werk vir volwassenes word oorweeg: melkbaard (gesinsvriendelik), sagtebaard (ouerbegeleiding word aanbeveel) en hardebaard (geen o.18's).

**9.5. Visuele kuns**

Visuele kunsvoorleggings word in 'n aparte proses hanteer, onder leiding van die KKNK se visuele kunskurator. Jy is welkom om jou voorstel of navrae te rig aan Lizané Basson by lizane@kunste.org.za.

**9.6. Opelug musiekverhoog in die feesterrein**

Populêre en kontemporêre musiek wat op gesinne gemik is, word hier aangebied. Indien jy op die feesterrein se musiekverhoog wil optree, voltooi die vorm en dien die nodige inligting in. Die KKNK verkies dat kunstenaars nie met *backtracks* optree nie.

**9.7. Klein Karoo-ervarings**

Indien jy voorstelle het wat as aanvullende ervarings vir feesgangers kan dien, kan jy dit ook aanlyn aan die KKNK stuur. Ervarings wat die Klein Karoo en Oudtshoorn se natuurskoon, geskiedenis en gehalteprodukte inkorporeer, geniet voorkeur.

**9.8. Leefstylervarings**

Ook aanvullende, opbouende, genotvolle ervarings, wat onder meer kos, wyn, proeë, werksessies, toere, sport, natuurervarings en mode insluit word oorweeg.

**9.9. Gespreksreekse**

Indien jy interessante voorstelle vir gespreksreekse, werksessies of interaktiewe programme het, stuur jou voorstelle aan Lizane Basson by lizane@kunste.org.za.

**Pas jou idee nie by een van dié kategorieë nie?**

Indien jy 'n idee het wat nie in een van die bogenoemde kategorieë pas nie, stuur jou aansoek met 'n goeie konsepvoorlegging na ons. Aspekte soos koste-effektiwiteit,

innovasie, interaktiewe elemente, betrokkenheid van die plaaslike gemeenskap, toeganklikheid, opleiding en volhoubaarheid word hier aangemoedig.

## 10. NAVRAE

Rig enige algemene navrae aan Lizané Basson by lizane@kunste.org.za of 044 203 8600. Indien jy spesifieke navrae oor dié programriglyne het, of spesifieke voorstelle of idees, kontak gerus vir Hugo Theart by hugo@kunste.org.za.